

Kruip weg by die Here

Bedreiging en gevaar is in ons dae nie meer leë woorde nie. Onder die vaandel van vryheid en voorspoed het geweld en onmag ons lewe bekruip. So naby het dit gekom dat dit huise binnedring en mense se bestaan, se lewens aanraak. Paulus skryf (Rom 8:36) “dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.”

Onder sulke omstandighede is Dawid se woorde begeerlik. Dit moet wonderlik wees om uit die hart te kan sê (vs 1): “... vir wie sal ek bang wees? ... vir wie sal ek vrees?” Dawid gaan vol vertrouwe voort (vs 2-3): “As misdadigers op my afstorm ... sal ek nie bang word nie.” Watter mag, watter sekerheid het Dawid? Of is dit blote bravade?

Nee, dit is nie bravade nie, dit is geloofsvertroue. Dawid het geleer dat daar maar een mag is wat regtig saak maak – die mag van ’n persoonlike geloofsverhouding met God. Al verloor jy alles, maar jy bly in ’n geloofsverhouding met God lewe, is dit sý mag wat jou beskerm (vs 5), help (vs 9) en versorg (vs 10).

Veronderstel jy ontvang alle politieke mag, alle finansiële mag en alle veiligheid en vryheid wat jy begeer, maar jy het nie ’n verhouding met die Here nie. Is dit nie waar dat al daardie mag en vryheid jou lewe sal vernietig nie? Daarom, onder die grootste bedreiging, bly dit Dawid (en die Heilige Gees) se raad (vs 8): Gaan kerk toe!

Dit is in die erediens, in die ontmoeting met die lewende God, dat jy insien hoeveel goedheid God jou laat belewe (vs 4). Dit is wanneer jy saam met die gemeente God se almag met ’n lied prys, dat jou vrees verdwyn (vs 6a) en jy besef dat jy kan neerkyk op jou vyande rondom jou (vs 6b). Dit is wanneer jy gaan om die Here te dien, dat jy ontdek hoe kosbaar jy vir Hom is en dat Hy jou sál versorg (vs 10).

Behou in hierdie dae dié mag wat regtig saak maak. Vind jou skuilplek in die huis van die Here!